Sake24
3 Oktober 2009

Sekuritering van inligting 'n kyk werd

Die nywerheidsrevolusie was ’n tydperk wat groot veranderings in die landbou, vervaardiging, mynwese en vervoer meegebring het.

Dit het ’n diepgaande uitwerking op die maatskaplike, ekonomiese en kulturele lewe van mense in die Verenigde Koninkryk gehad, wat uiteindelik ook na die res van die wêreld uitgebrei het.

Dit was ’n vername keerpunt in byna elke aspek van die daaglikse lewe van mense wat op die een of ander wyse daardeur geraak is.

Soortgelyk was daar teen die einde van die 20ste en die begin van die 21ste eeu ’n snelle vooruitgang in telekommunikasie, rekenaars, programmatuur en die kodifisering van data. Die beskikbaarheid van kleiner, kragtiger en goedkoper rekenaartoerusting het elektroniese dataverwerking binne bereik van kleiner sake-ondernemings en die tuisverbruiker geplaas. Hierdie rekenaars is mettertyd aan mekaar gekoppel om sodoende die internet te skep.

Tans lewe ons in die inligtingsera met die idee dat dit gekenmerk sal word deur die vermoë van individue om inligting vrylik beskikbaar te stel en om onmiddellike toegang tot inligting en kennis te hê – iets wat voorheen baie moeilik was.

Die idee word gekoppel aan ’n digitale era wat ’n verskuiwing van die tradisionele bedrywighede van die nywerheidsrevolusie na ’n ekonomie sal meebring wat op die manipulasie van inligting gegrond is.

Inligtingsekuriteit behels die beskerming van inligting en inligtingstelsels teen ongemagtigde toegang met as vernaamste doelwit die beskerming van die vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van dié inligting.

Regerings, militêre owerhede, groot maatskappye, finansiële instellings, hospitale en private sake-ondernemings versamel daagliks ’n massa vertroulike inligting rakende werknemers, klante, produkte, navorsing en finansiële state. Die meeste van dié inligting word deesdae op rekenaars versamel, geprosesseer, gestoor en oor netwerke na ander rekenaars gestuur.

Sou vertroulike inligting oor ’n onderneming se kliënte, geldsake of nuwe produkte in mededingers se hande beland, kan dit lei tot ’n verlies aan sake-bedrywighede, hofsake en selfs tot bankrotskap. Die beskerming van inligting is tans ’n belangrike vereiste om sake te doen en in baie gevalle ook ’n etiese en regsvereiste.

Ook vir die individu is inligtingsekuriteit van groot belang vir persoonlike privaatheid.

Information Security Architects (ISA) is ’n internasionale verskaffer van inligtingsekuriteit-oplossings. Dié groep het onlangs te midde van uitdagende handelstoestande skaflike resultate vir die boekjaar tot einde Junie bekend gemaak met hoë bedryfsmarges, sterk kontantvloei en ’n gesonde balansstaat (17,2c per aandeel van sy 18,4c per aandeel in netto tasbare batewaarde is in kontant.) Die aandeel bied terselfdertyd ’n stewige historiese dividend-opbrengs van 5,7%.

Teen ’n bewegende prys/verdienste van 6,5 en 1,8 sy netto batewaarde, bied die aandeel heelwat waarde. Belangstellende beleggers moet egter die onverhandelbare aard van die aandeel in gedagte hou. Die bestuur van die maatskappy bly nietemin versigtig optimisties oor die lopende boekjaar met groei in die inligtingsekuriteitsbedryf wat na verwagting stewig sal bly.

ISA se grafiek toon dat die aandeel sowat ’n jaar gelede teen ’n laagtepunt van 18c verhandel het teenoor ’n hoogtepunt van 74c in 2007. Dit verhandel tans bo sy bewegende gemiddeldes met die tendens wat bulagtig voorkom. Dit verkeer egter wel in oorgekoopte gebied, wat beteken dat dit as gevolg van winsneming kort voor lank kan terugsak.

Wag liewer tot die aandeel tot sowat 39c teruggesak het voordat ’n transaksie oorweeg word.

- Shaun van den Berg is hoof-tegniese ontleder by PSG Online.